

Sing vooraf staande: Psalm 128:1, 4 (sing *ons* i.p.v. *jy* en *jou*) (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion *ons* bedou;
mag *ons* dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag *ons* nog, op *ons* bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1, 11 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.

- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Psalm 127; Heidelbergse Kategismus, Sondag 50:125

Kernvers: Psalm 127:1-2

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat die Here liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. (Psalm 127:1-2 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).

(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; Hand 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

Tema: Selfs vir die kos op ons tafel is ons van die Here afhanklik

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, soms trap 'n mens in die strik om dit wat die Here vir ons in sy Woord sê, te vergeestelik. In die verlede was dit die gebruik om die hele Bybel dan ook so te verklaar. 'n Geestelike verklaring van die Bybel word gestel teenoor die letterlike verklaring van die Bybel. As daar een boek in die Bybel is wat baie gelowiges net op 'n geestelike manier wil verklaar, is dit die boek Hooglied. Hulle is van oordeel dat die Here nie oor sulke aards, menslike goed soos die liefde tussen 'n man en 'n vrou sal skryf nie. Daarom wil hulle die boek net geestelik verklaar. En volgens hierdie verklaring praat die boek Hooglied net oor die liefde tussen Christus en sy kerk.

Hierdie verklaringsmetode van die Bybel het sy wortels in die Griekse filosofie waar daar 'n skeiding gemaak is tussen aardse goed en geestelike goed. Vanuit die Griekse filosofie het die kerk ongelukkig ook die skeiding gemaak tussen natuur en genade. Aardse goed soos kos, klere en huis is die mens se eie saak. Maar geestelike goed soos sonde en vergifnis, alles wat met 'n mens se siel te doen het, daarmee kan jy die Here se hulp inroep, so asof die Here net oor geestelike goed regeer.

Ons Gereformeerdes het danksy die Heilige Gees se werk grootliks vrygeraak van hierdie ongeldige skeiding tussen aardse en geestelike goed. Ons glo en bely dat die Here immers sy koningsheerskappy oor elke terrein van die lewe van die mens laat geld. Daar is nie 'n millimeter op hierdie aarde waar die Here nie 'n sê het nie. Wanneer Jesus ons dan leer bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood**, verstaan ons dat Hy letterlik van brood wat 'n mens met jou mond eet, praat.

Alhoewel ons die woord *brood* in die *Onse Vader* letterlik verstaan en begryp dat die Here Jesus ons leer om daarvoor te vra by God, gebeur dit tog dat ons soms nog prakties leef asof ons God nie met sulke aardse goed moet bemoei nie. Wanneer mense meer geld nodig het, beding hulle deur middel van 'n vakverbond vir 'n beter salaris. Op hulle knieë gaan hulle nie. Wanneer daar droogte is, kyk mense naerstigtelik na die weervoorspelling en hoop dat die winde reg sal waai. Baie min mense bid tot die Here vir reën. Wanneer mense siek is, is hulle gou by die dokter, maar hulle vra nie dat die Here die medisyne moet seën sodat hulle gesond kan word nie.

Hierdie onderskeid wat ons tussen aardse en geestelike goed maak, ken die Bybel nie. God sorg vir ons siel en ons liggaam. Hy gee vir ons geestelike voedsel – verkwik ons met die brood van die ewige lewe, die lewende Evangelie. Hy gee vir ons ook ons daaglikse brood, sodat ons liggaamlik al die kragte kan hê wat ons nodig het om Hom aanhoudend met ons liggaam en siel te bly dien. Aangesien Jesus weet dat ons vir alles van sy Vader afhanklik is, leer Hy ons om in sy Naam ook vir ons daaglikse brood by sy Vader te vra.

Met die wysheid wat die Here uit genade aan Salomo gegee, het hy raakgesien dat alle ondernemings van die mens wat hy sonder die Here aanpak, tevergeefs is. Wanneer ons 'n huis bou, 'n stad bewaak, of met groot moeite elke oggend vroeg opstaan en elke aand laat gaan slaap om 'n bestaan te maak, sonder dat ons ooit die Here se genade en seën op al hierdie arbeid afsmeek, is al ons moeite tevergeefs. Soos die Prediker sê: **Alles kom tot niks** (Prediker 1:2 AFR1983). Wanneer ons nie die Here se teenwoordigheid en genade in ons arbeid soek nie, is ons werk van nul en gener waarde. Dit is net so goed ons het niks gedoen nie.

Ons praat baie maal op 'n grappende wyse van die dolle gejaag – die sogenaamde “rat race” – maar dit is presies wat ons mense van die lewe gemaak het. In die dolle gejaag werk toe elke oggend en dan weer laat vanaand terug huis toe, is daar hoeveel honderde, duisende mense wat elke nou en dan by die dokter uitkom. Spanning oor die werk het hulle so uitgeput dat hulle nie behoorlik voort kan gaan nie. Spanning om genoeg geld te maak sodat ons ons lewensstandaard kan handhaaf, put mense emosioneel uit. Liggaamlik gaan mense agteruit. Huwelike lei skade, want man en vrou het

nie meer tyd saam nie. Kinders word op 'n afstand groot en vervreemd van hulle ouers. En as die dokter nie meer kan help nie, moet die psigiater met 'n paar pilletjies my regop laat bly, sodat ek net kan aanhou jaag in die dolle gejaag. Wanneer ons hierdie prentjie sien, besef ons dat alles op hierdie patroon tot niks kom nie. Dit is tevergeefs.

Dit is tevergeefs, nie omdat ons nie vroeër opgestaan het of net 'n ekstra uur later gewerk het nie. Dit is tevergeefs, nie omdat ek nie meer oefening gedoen het of meer gesond geëet het nie. Dit is tevergeefs, nie omdat ons nie eerder saam met ons vrouens gekuier het in plaas van oortyd te werk nie. Dit is alles tevergeefs, omdat ons gedink het oor hierdie aardse goed staan ons self verantwoordelik en nie die Here nie. En omdat ons gedink het ons is self verantwoordelik, het ons ook nie sy genadige teenwoordigheid afgesmeek in ons werk, huwelik en gesin nie.

Luister net hoe mooi stel die Here dit vir ons: **Vir dié wat die Here liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.** Wie is die mense wat die Here liefhet? Dit is hulle wat deur die Here nog voor die skepping van die wêreld uitverkies is om sy kinders te wees. Dit is dieselfde mense vir wie Jesus Christus verlos het deur vir hulle aan die kruis te sterf en weer uit die dood op te staan toe hulle nog sondaars en vyande van God was. Dit is die mense vir wie ons drie-enige God al by hulle doop gesê: Ek is jou Vader, Verlosser en Heiligmaker, toe hulle nog maar klein babatjies was en niks kon doen sodat God hulle moes liefhê nie. Geliefde broer, suster en kind, ons is mos deur die Heilige Gees oortuig dat ons hierdie mense is vir wie die Here liefhet. Dit is vir ons wat die Here hierdie belofte maak. Ons hoef nie die volle drag alleen te dra om te sorg dat daar kos en klere in ons huis is nie.

En dit is op grond van hierdie belofte van die Here dat ons seker kan wees dat die Here nie wil hê dat sy kinders hulle dood moet werk net om 'n bestaan te maak. Hy wil nie hê dat ons in die dolle gejaag opgeslurp word sodat ons nie weet of ons kom of gaan nie. Daarom leer Jesus ons om te vra: **Gee ons vandag ons daaglikse brood.** Ons glo mos dat God ons Vader is ter wille van sy Seun Christus. As ons almagtige God kan Hy ons brood gee en as ons getroue Vader wil Hy vir ons brood gee.

Met hierdie belofte sê die Here nie dat ons nie hoef te werk nie. Hy sê eerder dat ons nie alleen die volle drag hoef te dra nie. Met sy durende teenwoordigheid in ons arbeid seën Hy ons met wysheid en krag sodat ons kan aanhou met arbei sonder om angstig te raak. Deur sy Gees neem Hy die kommer uit ons hart, sodat ons nie moet dink dat ons lewe van ons inspanning alleen afhanklik is nie. Daarom kan ons ook in ons arbeid ons eerste beywer vir sy koninkryk en sy wil en alles wat ons nodig het, gee Hy vir ons. Hy gee ons daaglikse brood vir ons.

Vra ons dan net vir brood vir elke dag met hierdie bede? Nee, ons vra nie net vir brood nie, maar vir **alles wat vir die liggaam nodig is.** Wanneer ons brood vra, vra ons dat daar koring moet wees, en lande om die koring te plant, en implimente om die grond te bewerk, en gesondheid en krag om te kan werk. Met die woordjie brood word al ons liggaamlike behoeftes saamgetrek soos wat 'n vergrootglas die strale van die son tot 'n klein kolletjie saamtrek. Daarom, alles wat ons ook al nodig het om te kan leef en te kan werk in die koninkryk van God, kan en moet ons by die Here vra.

En as ons vra, vra ons wat ons vir vandag nodig het. Op 'n treffende wyse sê die Spreukedigter hoekom 'n mens net vir vandag se brood vra. Hy sê:

Moet my nie arm of ryk maak nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: Wie is die Here? nie, en sodat ek arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie (Spreuke 30:8-9 AFR1983).

En as ons bid vir vandag se brood beteken dit ook nie dat ons nie vir die toekoms voorsiening moet maak nie. As ons die Here bid vir vandag se behoeftes sluit dit in dat ons die Here vir wysheid vra om vandag se middele so te bestuur sodat daar ook vir die toekoms brood sal wees wanneer ons nie

meer kan werk nie.

Wat bely ons wanneer ons al ons liggaamlike behoeftes by die Here in gebed vra? Ons bely daarmee dat Hy **die enigste Bron is van alles wat goed is en dat al ons sorg en arbeid en ook die gawes van die Here sonder sy seën vir ons** nutteloos is. As daar kos op ons tafel en klere aan ons lyf is, het ons dit omdat ons gewerk het en met die salaris dit kon bekostig. Maar ons besef steeds dit is nie ons alleen wat met eie krag daarvoor gesorg het nie. Bo alles is dit immers die Here wat ons die werk laat kry het en die krag gegee het sodat ons kan werk. Hy is die Gewer van alles wat ons is en het. As die Here nie die middele gee om die huis te bou of die stad te beskerm nie, sal ons dit nie kan doen nie.

En selfs al gee die Here al die middele en al werk ons hard, maar sy seën rus nie op sy gawes en ons werk nie, sal ook ons werk en sy gawes nutteloos wees vir ons. As die Here ons nie in ons werk seën nie, sal ons swoeg, maar min inbring, ons sal eet, maar nie versadig word nie en drink, maar ons dors sal nie geles word nie. Ons kan ons huise beveilig soos wat ons wil, maar as die Here se seën nie daarop rus nie, is ons eie beskerming verniet.

Broers, susters en kinders, ons is en bly afhanklik van die Here, daarom leer Jesus ons met hierdie bede om ons afhanklikheid van die Here te erken en te bely. Ons moenie ons vertrou op ons eie bekwaamheid, ons harde werk, ons intelligensie, liggaamskragte, baie geld, groot oes, ons ouers of vriende stel nie. Ons moet elke dag lewe uit die Here se hand en alles wat ons nodig het vir hierdie dag net van Hom verwag.

Dit is dan ook die doel van hierdie vierde bede, naamlik dat ons net op die Here alleen sal vertrou vir alles wat ons na liggaam nodig het. Die sondaars wat die Here nie ken en nie wil ken nie, wil ook niks van hierdie vertrou op die Here weet nie. Trouens, die mense maak op wetenskaplike en tegnologiese gebied soveel vooruitgang dat hulle naderhand dink dat hulle glad nie meer die Here nodig het nie. Die Here sê in Openbaring dat die wêreld uiteindelik daartoe sal kom om te sê:

Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie 'n weduwee nie, en treur sal ek nooit nie (Openbaring 18:7 AFR 1983).

Daarmee gaan die wêreld te kenne gee dat hy nie meer van die Here afhanklik is nie. En op die uiteinde sal alles waarop die ongelowiges hulle vertrou gestel het, in 'n oogwink hulle ontnem word.

Laat ons, geliefdes, daarom altyd hierdie vierde bede bid en smee dat die Here ons daarvan sal bewaar om Hom ooit te los en op onself staat te maak.

Maar het ons 'n waarborg dat ons vertrou op die Here ons nie sal beskaam nie? Ja, inderdaad, Christus is ons waarborg.

God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie? (Romeine 8:31-32 AFR 1983)

In die eerste drie bedes het ons gevra dat die Here sy Naam moet heilig, sy koninkryk moet laat kom en sy wil moet laat geskied. Ons weet dat die Here al hierdie dinge alleen doen, maar Hy maak ook van ons gebruik en laat ons medewerkers wees daarin. Omdat Hy die dinge ook deur ons wil doen, kan ons seker wees dat Hy ook in ons liggaamlike behoeftes sal voorsien sodat ons solank ons in hierdie lewe is medewerkers van Hom kan bly. Hy sal al die ander dinge, ons kos en klere en geld, aan ons gee sodat ons sy Naam steeds kan verkondig, sy koninkryk sigbaar kan maak waar ons werk en sy wil volbring waar ons leef.

Amen!

Slotgebed

Psalm 37:1, 2, 15, 17 (p. 182)

- 1 Vertoon jou oor die bose nooit: / hul sal verkwyn, hul raak verstrooid
soos gras wat gou verdor, vergaan, / soos spruitjies wat maar kort bly staan.
- 2 Vertrou op God: die hart en hand / in troue diens aan Hom verpand.
Verlustig jou in Hom altyd / wat mild'lik gee en nooit verwyd.
- 15 Ek was aanskouer van veel kwaad, / maar nooit dat God sy volk verlaat,
dat hul geslag, hoeseer geplaag, / ooit aan die bedelbrood moes knaag.
- 17 Verlaat die pad wat God verlaat. / Die HEER bemin die regte daad.
En in 'n erfdeel, wonderskoon, / daar sal jy voor die HERE woon.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 April 2012